**Die familiegeskiedenis van Sem, en Christus (OP139)**

**Gen 11:10-26**

**30 Julie 2023**

Laasweek het ons stilgestaan by die toring van Babel. Ons het gesien die mense wou hulle kleisteentegnologie gebruik om 'n stad te bou met 'n toring wat tot aan die hemel raak. Die doel hiermee was enersyds om vir hulleself naam te maak nie net deur die bou van so 'n indrukwekkende toring nie, maar ook deurdat hulle dan kon opklim hemel toe met die doel om self as God te kan optree. Die ander doel met die toring was dat dit moes help voorkom dat hulle nie versprei oor die aarde nie. Die Here het egter hierdie optrede van die mense veroordeel omdat dit teen Sy wil was en omdat dit aanleiding sou gee dat die mensdom steeds verder in sonde sou val. Die Here het gevolglik hulle taal verwar, en het sodoende toegesien dat die bouwerk aan die stad en die toring stop, en dat die mense wel verspreid gaan woon het. Ons het ook na drie implikasies gekyk wat die toring van Babel-gebeure gehad het op die ontwikkeling van die verdere openbaringsgeskiedenis: In die eerste plek het die taalverwarring as 'n verdere bewaringsmeganisme gedien wat die toename in boosheid onder die mensdom gerem het. In die tweede plek het dit die omgewing geskep waarbinne die Here Sy verlossingsplan kon demonstreer en implementeer. Die bestaan van verskillende volke en nasies het dit moontlik gemaak dat die Here grotendeels op Sy uitverkore volk kon fokus om Sy verlossing te demonstreer, voor Hy dit beskikbaar gemaak het aan alle volke, tale en nasies. In die derde plek het Babel in die verdere openbaringsgeskiedenis die simbool geword van alles wat goddeloos en boos is. Dit het uitgeloop op die goddelose Babilon in die boek Openbaring. Dit is eers na die val van Babilon aan die einde van die tyd met die oordeelsdag, dat die nasies sal ophou om verspreid te woon, en dan wel bymekaar sal kom in die hemelse Jerusalem.

Die beskrywing van die toring van Babel in die boek Genesis sluit ook die vierde toledot in Genesis af – dit is die toledot wat handel oor die nageslag van Sem, Gam en Jafet, d.w.s. Noag se seuns. Die vyfde toledot begin in Gen 11:10 en dit handel oor die familiegeskiedenis van Sem. Dit strek vanaf Gen 11:10 tot by Gen 11:26, en dit is die onderwerp waaroor ek vandag wil besin. Dit is so dat die nageslag van Sem reeds tot 'n mate bespreek is as deel van die tabel van die nasies in Gen 10:21-31, maar hierdie vyfde toledot in Gen 11 gee vir ons meer inligting oor 'n spesifieke been van Sem se nageslag: dit is die deel van Sem se nageslag wat strek oor Arpagsad, Selag, Heber tot by Abram. Vanaf Gen 12 val die fokus dan op Abram.

In die notas wat ek versprei het saam met die preek, het ek 'n skematiese voorstelling gegee van wat ek wil bespreek. Dit sal nuttig wees as jy dit beskikbaar het. Ek wil by twee onderwerpe stilstaan: (1) Vergelyking van die familiegeskiedenis van Sem in Gen 11 met die familiegeskiedenis van Adam in Gen 5, en (2) Kombinasie van die Gen 5, Gen 11 en Mat 1 geslagsregisters.

<u>Vergelyking van die familiegeskiedenis van Sem in Gen 11 met die familiegeskiedenis van Adam in Gen 5</u>

In die geslagsregister in Gen 5, waarna ons so 'n paar weke gelede gekyk het, word die geslagte vanaf Adam oor Set tot by Noag bespreek. In die geslagsregister hier in Gen 11:10-26 word die geslagte vanaf Sem, wat Noag se seun is, tot by Abram bespreek. As ons dus hierdie twee geslagsregisters kombineer, het ons 'n geslagsregister vanaf Adam tot by Abram.

Ons het destyds gesien dat daar in Gen 5 10 geslagte genoem was vanaf Adam tot by Noag: Adam, Set, Enos, Kenan, Mahalalel, Jered, Henog, Metusalag, Lameg en Noag. Netso vind ons hier in Gen 11 ook dat 10 geslagte genoem word vanaf Sem tot by Abram: Sem, Arpagsad, Selag, Heber, Peleg, Reü,

Serug, Nahor, Tera en Abram. Vanaf Adam tot by Abram is daar dus in totaal 20 geslagte wat genoem word. Kan ek twee opmerkings hieroor maak:

- Ons het toe ons na Gen 5 gekyk het, ook besin oor hoe ons die geslagsregisters moet interpreteer. Een van die gevolgtrekkings wat ons gemaak het deur byvoorbeeld die geslagsregister van Jesus in Mat 1 te vergelyk met die geskiedenis van die konings in Juda in die Ou Testament, was dat die geslagsregisters nie noodwendig volledig is nie. As ons dus lees dat daar in beide Gen 5 en 11 elke keer 10 geslagte was, moet ons eerder sê dat 10 genoem word, maar daar kon waarskynlik meer gewees het.
- Volgens Gen 11 is die volgorde van Sem se nageslag soos volg: Sem, Arpagsad, Selag en Heber. Kom ons lees 'n gedeelte van Jesus se geslagsregister in Luk 3:35-36. Hier blyk dit Sem se nageslag was: Sem, Arpagsad, <u>Kenan</u>, Sala (waarskynlik dieselfde as Selag in Gen 11) en Heber. Kenan word in Luk 3 genoem, maar nie in Gen 11 nie. Die rede hiervoor is dat die Masoretiese teks waarop ons Bybelvertalings gebaseer is, nie Kenan in Gen 11 insluit nie. Maar die Septuagint sluit Kenan wel in in Gen 11. Daar word geredeneer dat die Masoretiese teks waarskynlik iewers tydens kopiëring Kenan uitgelaat het. Dit is meer waarskynlik as dat die Septuagint Kenan sou bygevoeg word. As dit waar is, beteken dit daar is 21 geslagte vanaf Adam tot by Abram. Ek sal later uitwys hoekom dit moontlik belangrik kan wees.

In Gen 5 het ons gesien dat elke geslag se beskrywing basies dieselfde patroon volg: *Toe A x jare oud was, het hy B verwek. Na A vir B verwek het, het A nog y jare geleef. Hy het seuns en dogters gehad. A het altesaam x+y jare oud geword, en hy het gesterf*. Gen 11 volg ook 'n herhalende patroon, maar die patroon is bietjie anders as in Gen 5: *A het x jaar geleef, en toe het hy B verwek. Nadat hy B verwek het, het A nog y jare geleef, en hy het seuns en dogters gehad.* Daar is twee opmerklike verskille tussen Gen 5 en Gen 11 se patrone:

- Gen 11 gee nie die totale leeftyd van die betrokke persoon nie. Gen 5 gee dit wel. Jy kan dit in Gen 11 bereken uit die inligting wat wel gegee word, maar Gen 5 gee ook die antwoord van die berekening.
- Gen 11 sê ook nie dat die persoon aan die einde van sy lewe gesterf het nie, terwyl Gen 5 dit wel doen. Natuurlik het die persone in Gen 11 ook gesterf, maar dit word nie pertinent genoem nie.

Wat kan die rede wees vir hierdie verskille? Kommentatore spekuleer daaroor dat dit waarskynlik verband hou met wat direk volg na die betrokke geslagsregister. Gen 5 word opgevolg met Gen 6 waar die Here oordeel dat alles wat die mens bedink altyd net sleg is, en gevolglik het die Here besluit om die mensdom uit te wis tydens die sondvloed. In voorbereiding vir hierdie komende oordeel waarin bykans alle mense gaan sterf, noem die Gen 5 geslagsregister telkens die finale ouderdom en die dood van die betrokke persoon. Gen 11, daarenteen, word opgevolg met die geskiedenis van Abram wat juis fokus op die hoop van verlossing en lewe – en daarom word die dood van die betrokke persoon nie in die geslagsregister genoem nie – al het die persone natuurlik ook gesterf – hulle sterwe is egter nie die fokus nie.

In beide geslagsregisters is daar egter ook 'n aanduiding van die oorvloedigheid van lewe – van elke persoon word daar gesê dat bo en behalwe die nasaat wat by naam genoem word, het die persoon ook ander seuns en dogters gehad.

Nog 'n opmerklike verskil is dat die lewensduur van die persone in Gen 11 heelwat korter is as die in Gen 5, en verder het hulle ook kinders op 'n baie jonger leeftyd verwek. In Gen 5 wissel die

ouderdomme tussen 777 en 969 jaar (Henog uitgesluit wat op 'n relatief jong ouderdom deur die Here weggeneem is), terwyl Gen 11 se ouderdomme wissel tussen 148 en 600 jaar. Trouens, as jy deur Gen 11 lees lyk dit ook asof die algemene tendens in die hoofstuk is dat die ouderdomme al hoe jonger word: Sem, wat eerste genoem word, sterf op die hoogste ouderdom van 600 jaar, terwyl Nahor wat tweede laaste genoem word op die jongste ouderdom sterf van slegs 148 jaar. Netso sien ons dat die ouderdomme waarop kinders verwek word in Gen 5 wissel tussen 65 en 187 jaar, terwyl dit in Gen 11 wissel tussen 29 en 100 jaar – en die 100 jaar is weereens Sem se ouderdom, wat eerste genoem word. Ek dink nie ons weet presies wat om te maak met hierdie feit nie, maar ek dink ons kan ten minste oor die volgende besin:

- As ons in Gen 11 lees dat die ouderdom waarop kinders verwek word, relatief jonk is (in die algemeen vergelykbaar met ouderdomme waarmee ons bekend is), word hier alreeds voorbereiding getref om te verstaan hoe uitsonderlik dit vir Abram was dat Isak eers op 100 jarige ouderdom vir hom gebore is.
- Die feit dat kinders op 'n jonger leeftyd verwek word, het die gevolg dat die aarde vinniger gevul kan word met mense. Dit is in beginsel 'n goeie ding, op voorwaarde dat daar 'n effektiewe verlossingsplan is vir wanneer die mense in sonde val – en dit is juis die fokus vanaf Gen 12.

<u>Kombinasie van die Gen 5, Gen 11 en Mat 1 geslagsregisters</u>

Ek is egter oortuig dat die werklike betekenis van hierdie geslagsregisters duidelik word as ons die Gen 5 en Gen 11 registers kombineer met die Mat 1 geslagsregister van die Here Jesus. Kom ons kyk na Mat 1:1-17. Mat 1:1 begin met die stelling dat ons hier die geslagsregister het van Jesus Christus, die Seun van Dawid, die Seun van Abraham. In verse 2-16 lees ons dan die detail van die geslagsregister – beginnende by Abraham tot by Josef, die man van Maria, uit wie Jesus Christus gebore is. Maar dan voeg vers 17 'n baie interessante opsomming van die geslagsregister by: Daar was 14 geslagte vanaf Abraham tot by Dawid, en daarna 14 geslagte vanaf Dawid tot by die Babeloniese ballingskap, en daarna 14 geslagte vanaf die ballingskap tot by die Christus. Julle sal onthou dat ons al gesien het dat daar nie letterlik 14 geslagte was tussen Dawid en die ballingskap nie – ons het gesien dat daar in Mat 1:8 ten minste 3 geslagte uitgelaat is tussen Joram en Ussia. Die punt is nie soseer om ons te leer dat daar 14 geslagte was nie, nee, die punt is hier word 14 genoem – maar die doel met die kommunikasie is iets anders. Die klem lê nie soseer op die 14 nie, maar wel op Abraham, Dawid, ballingskap en die Christus. Matteus, onder leiding van die Heilige Gees, het dus telkens 14 geslagte gekies, en hy gebruik daardie 14 geslagte om te wys wat die hoogtepunte is in die geslagsregister: Abraham, Dawid, die ballingskap en die Christus. Ek is oortuig hy het 14 gekies, omdat 14 = 7 x 2, en 7 is 'n volheidsgetal. Ek het vroeër gesê in Gen 5 en 11 was daar 20 geslagte vanaf Adam tot by Abram, behalwe as ons Kenan ook byvoeg soos wat Luk 3 doen – dan is daar 21 geslagte vanaf Adam tot Abram. En 21 = 7 x 3. Dit pas beter by die 3 x 14 in Mat 1. Maar goed, ek sê weer – dit is nie die hooffokus nie. Die hooffokus is daardie 4 hoogtepunte in die geslagsregister: Abraham, Dawid, die ballingskap en die Christus.

Maar onthou nou wat ons in Gen 5 en 11 gelees het: Gen 5 is die geslagsregister vanaf Adam tot Noag, en Gen 11 is die geslagsregister vanaf Noag tot Abram. As ons hierdie twee geslagsregisters en Mat 1 se geslagsregister aanmekaar koppel – dan het ons een geslagsregister vanaf Adam tot by Christus. Dit is belangrik – want die Here het beloof dat daar Een uit die nageslag van die vrou gaan kom wat die kop van die slang gaan vermorsel, en uit hierdie gekombineerde geslagsregister is dit klinkklaar duidelik dat Jesus wel fisies gebore is uit die nageslag van Adam. Ja, miskien is al die name

nie in die geslagsregister nie – maar daar is genoeg name om ons te oortuig Jesus wel uit die nageslag van die vrou is.

Maar hier lê nog meer in opgesluit: Onthou wat het in Genesis gebeur. Ons het eers van die skepping gelees, die sondeval en die direkte gevolg van die sondeval (Gen 1-4). Toe volg die geslagsregister in Gen 5 – en ons spring binne 'n paar verse oor ten minste 10 geslagte, jy kan die sommetjie gaan maak, dit strek oor 'n periode van ten minste 1000 jaar (as al die geslagte genoem is). Min detail word gegee, die vertelling spring as't ware oor baie geslagte – tot by Noag. Gen 6-10 vertel in redelike detail wat gebeur met Noag, die sondvloed en daarna. En dan kom die geslagsregister in Gen 11 – en ons spring binne 'n paar verse oor ten minste 10 geslagte, en jy kan weer die sommetjie gaan maak, dit strek weer oor 'n periode van rofweg 1000 jaar (as al die geslagte genoem is) – tot by Abram. Die vertelling van Abraham is weereens in detail  en strek oor talle hoofstukke. Wat is die punt wat ek probeer maak? As jy deur die eerste hoofstukke in Genesis lees, is dit baie duidelik die belangrike gebeure in daardie deel van die openbaringsgeskiedenis is wat met Adam, Noag en Abram gebeur. Die geslagsregisters gee die kontinuïteit tussen hierdie belangrike gebeure. En nou kry ons iets soortgelyks hier in Mat 1: vers 17 sê uit al die gebeure in die Mat 1 geslagsregister, is die belangrike gebeure: Abraham, Dawid, die ballingskap, die Christus. As ons nou die drie geslagsregisters saamvoeg, en ons kyk na die hele geskiedenis vanaf Adam tot met die koms van Jesus, dan sê die geslagsregisters vir ons: die belangrike punte in die openbaringsgeskiedenis is wat met Adam, Noag, Abraham, Dawid, die ballingskap en die koms van Christus gebeur. As jy werklik die openbaringsgeskiedenis wil verstaan, sal jy moet seker maak jy verstaan wat het met Adam, Noag, Abraham, Dawid, die ballingskap en met Jesus gebeur. Ons het alreeds gesien as ons die getalle in Gen 5 gebruik, is die periode van Adam tot Noag rofweg 1000 jaar, en as ons die jare in Gen 11 gebruik is die periode vanaf Noag tot Abram ook rofweg 1000 jaar. Daar is boonop genoeg inligting in die Bybel om te bereken vanaf Abram tot Dawid is ook rofweg 1000 jaar, en vanaf Dawid tot Jesus se koms ook rofweg 1000 jaar.

Maar, die verstommende hoogtepunt is wat my aanbetref die volgende: Met Adam, het die Here 'n verbond gesluit. Met Noag, het die Here 'n verbond gesluit. Met Abraham het die Here 'n verbond gesluit. Met Dawid het die Here 'n verbond gesluit. Ek kom later terug na die ballingskap. En met Jesus se koms het Hy Middelaar geword van 'n uitnemender verbond, dit is die nuwe verbond (Heb 8:6). As jy die openbaringsgeskiedenis reg wil verstaan, sal jy die verbonde moet verstaan:

- Jy sal die skeppingsverbond met Adam moet verstaan, waar die Here 'n werksverbond met Adam opgerig het en sodoende aan Adam geopenbaar het wat Hy van hom verwag: vermeerder en vul die aarde, heers oor die aarde, onderwerp die aarde, bewerk en bewaak die tuin, rus elke 7de dag, wees onvoorwaardelik gehoorsaam aan die Here.
- Jy sal die verbond met Adam na die sondeval moet verstaan, waar die Here die verantwoordelikheid op Homself geneem het, waar Hy beloof het dat Een uit die nageslag van die vrou sal kom, waar Hy geopenbaar het die skeppingsopdragte is steeds van krag – al sal die mens dit nou net met moeite kan doen. Maar Hy het ook die klere van vel gegee.
- Jy sal die bewaringsverbond met Noag en alle lewende wesens moet verstaan, waar die Here beloof het om vir solank as wat die aarde bestaan, nie weer te oordeel soos wat Hy in die sondvloed gedoen het nie. Jy sal die bewaringsmeganismes moet verstaan wat Hy geïmplementeer het en jou daaraan hou. Jy sal ook moet onthou Sy oordeel is net uitgestel, nie afgestel nie.
- Jy sal die verbond van die belofte met Abraham moet verstaan, waar Hy aan Abraham 'n groot nageslag komende uit al die nasies beloof het, en 'n land waar hulle kan woon wat

oorloop van melk en heuning, en dat Hy hulle God sal wees. Jy sal ook egter moet verstaan dat die Here egter gehoorsaamheid verwag.

- Jy sal die verbond met Dawid moet verstaan, waar die Here beloof het dat daar altyd Een uit die nageslag van Dawid sal wees wat op die troon sal sit en heers – mits hulle gehoorsaam aan die voorskrifte van die Here leef.
- Jy sal ook die nuwe verbond moet verstaan waarvan Jesus die Middelaar is. Jy sal moet verstaan wat nuut is in hierdie verbond, en wat die uitnemender beloftes is waarop dit gegrond is.

Die van julle wat nou al geruime tyd na die preke wat ek versprei luister, sal weet hoeveel klem ek lê op 'n behoorlike begrip van God se verbonde – wel, hier is die rede: As jy dit nie verstaan nie, kan jy nie die openbaring van God aan ons as mense verstaan nie. Uit hierdie geslagsregisters is dit duidelik hierdie verbondsluitings is kardinaal belangrike hoogtepunte in die openbaringsgeskiedenis. Is dit nie verstommend nie: die hoofstukke in die Bybel wat ons tipies as vervelig beskou, en wat ons dikwels voel hulle help nie veel tot ons verstaan van die Bybel nie, juis hulle gee vir ons die raamwerk hoe ons die Bybel moet lees.

Maar nou kan jy vir my sê: Ja, goed ek hoor. Maar daar is twee probleme: (1) Wat van die Sinaiverbond, die verbond wat die Here met Moses en die volk gesluit het – hoekom word dit nie ook in Mat 1 uitgelig nie? (2) Hoekom word die ballingskap uitgelig? Immers was daar nie 'n verbondsluiting met die ballingskap nie. Kom ons besin hieroor.

Kom ons dink eers oor die Sinaiverbond. Die Here het hierdie verbond met die volk gesluit pas na hulle uit Egipte bevry is, terwyl hulle op pad na die beloofde land is. Ons gaan nie nou die Sinaiverbond in detail bespreek nie, maar daar is twee dinge wat uitstaan in die Sinaiverbond:

- Die Here gee Sy wet aan die volk. Ek verwys hier spesifiek na die 10 gebooie wat deur die Here op kliptafels geskryf is. Ek het netnou daarna verwys dat die Here steeds van Abraham verwag het om aan Hom gehoorsaam te wees. Wel, die wet is die dokument wat vir die volk moes leer hoe gehoorsaamheid lyk.
- Die Here het ook by Sinai Sy voorskrifte gegee vir die tabernakeldiens, die priesterdiens, asook die offers wat die volk moes bring as hulle nie gehoorsaam was aan die opdragte van die Here, soos wat dit in Sy wet voorgeskryf is nie.

Die tragiese realiteit was egter dat die volk nie gehoorsaam was nie. Hulle het telkens in sonde geval. Dink maar net aan die Rigterstyd – keer op keer val die volk in sonde. Later vra hulle van die Here 'n koning. Die Here gee vir hulle 'n koning, eers Saul, dan Dawid. As die Here die verbond met Dawid sluit, maak die Here weereens duidelik dat die volk gehoorsaam moet leef aan Sy voorskrifte. Die res van die koningtydperk maak dit duidelik dat dit nie die geval is nie. Die resultaat is dat die Here die volk in ballingskap stuur. Maar let nou op wat gebeur tydens die ballingskap: daar is twee profete wat pertinent na vore tree: Jeremia en Esegiël. Jeremia tree in die beloofde land op voor, tydens en kort na die ballingskap. Esegiël word saam met die eerste ballinge weggevoer na Babel toe, en hy tree daar as profeet op. Onthou nou: die rede vir die ballingskap is die volk is ongehoorsaamheid aan die Here se voorskrifte, wat Hy by Sinai gegee het. Kyk nou wat profeteer Jeremia en Esegiël:

- Lees Jer 31:31-34: Dit is juis met die ballingskap dat die Here beloof dat daar 'n tyd gaan kom dat Hy 'n nuwe verbond gaan sluit – nie soos die verbond wat Hy met hulle gesluit het toe Hy hulle uit Egipte gelei het nie – d.w.s. die nuwe verbond gaan die Sinaiverbond vervang. Die probleem met die Sinaiverbond is dat die volk dit nie kon hou nie. Die Here beloof dat Hy met die koms van die nuwe verbond Sy wette op hulle harte sal skryf.

- En as jy wil verstaan hoe dit ‘n verskil gaan maak, lees Eseg 36:26-27. Hier beloof die Here in die nuwe verbond sal Hy vir die nageslag van Abraham ‘n nuwe hart gee, en Sy Heilige Gees sal in daardie nuwe harte woon – en Hy sal sorg dat die ware nageslag van Abraham die voorskrifte van die Here sal nakom.

Kom ons lees nou weer Heb 8:6-13. In verse 8-12 haal die Hebreërskrywer juis vir Jeremia aan. Dit word hier duidelik dat die nuwe verbond waarvan Jeremia gepraat het, juis die uitnemender verbond is waarvan Heb 8:6 praat. Dit is met Jesus se koms dat Hy as die ware Hoëpriester eenmalig die perfekte offer vir sonde gebring het – iets waarna die offers van die Sinaiverbond vooruit gewys het. Dit is as Jesus Sy Hoëpriesterlike werk hier op aarde afgehandel het en Hy opvaar hemel toe, dat Hy Sy Heilige Gees uitstort om in die harte van mense te woon en sodoende te sorg dat hulle gehoorsaam is aan die voorskrifte van die Here. Dit is deur Jesus se Hoëpriesterlike werk dat die ou verbond verouderd geword het, en afgeskaf is – soos wat Heb 8:13 sê.

Kan ek opsom: die Sinaiverbond was tydelik. Die doel daarmee was dat dit die volk moes leer wat God se wil is, en dat ‘n Hoëpriesterlike werk nodig sal wees om versoening te doen vir wanneer hulle God se wil oortree. Omdat hulle egter herhaaldelik oor baie jare God se wil oortree het, het God hulle in ballingskap gestuur. Maar, met die ballingskap kondig die Here egter deur Jeremia en Esegiël die nuwe verbond aan. In die nuwe verbond sal Jesus die Hoëpriester wees wat eenmalig die effektief offer sal bring vir oortredings teen God se wil, en boonop sal Hy ook die Heilige Gees stuur om in die nuwe harte van die ware nageslag van Abraham te woon, om sodoende te sorg dat hulle wel God se wil doen. Dit realiseer met Jesus se koms wanneer die nuwe verbond realiseer.

Kom ons gaan nou terug na die hoogtepunte in die openbaringsgeskiedenis: Adam, Noag, Abram, Dawid, ballingskap, Christus. Adam, Noag, Abram, Dawid en Christus word almal geassosieer met die sluit van ‘n verbond. Die Sinaiverbond word nie genoem nie – want dit was tydelik. Maar dit was die oneffektiwiteit van die Sinaiverbond wat op die ou end die ballingskap tot gevolg gehad het. En dit was juis tydens die ballingskap dat die Here die profete stuur om die koms van die nuwe verbond aan te kondig – juis om die Sinaiverbond te vervang. Daarom word die ballingskap uitgelig in die hoogtepunte van die openbaringsgeskiedenis – want dit loop hand aan hand met die belofte van die nuwe verbond. En die nuwe verbond realiseer as Jesus kom!

Opsommend

Geliefdes, die Bybel word op verskillende maniere gelees. ‘n Besondere gewilde manier deesdae is die manier wat as “dispensational” bekend staan. Volgens hierdie manier van lees, word die Bybel in tipies sewe dispensasies opgedeel. Die periode van die skepping tot die sondeval is die “dispensation of innocence”, die periode van die sondeval tot by Noag as die “dispensation of conscience”, die periode van Noag tot by Babel as die “dispensation of human government”, die periode van Abraham tot by Moses as die “dispensation of promise”, die periode van Moses tot by Jesus as die ”dispensation of law”, die periode van Pinkster tot by die sogenaamde wegraping as die “dispensation of grace”, en die 1000-jarige millennium wat glo na die wegraping sal volg as die ”dispensation of the kingdom”. Nodeloos om te sê: ek het groot bekommernisse en besware oor hierdie manier van lees van die Bybel. My grootste besorgdheid is: Waar pas die verbonde in? In Dispensationalism word hoogtepunte gemaak wat nie ooreenstem met die hoogtepunte van die sluit van die verbonde nie. Daar word hoogtepunte gemaak wat nie ooreenstem met die hoogtepunte waarvan ons in Genesis 5, 11 en Mat 1:17 lees nie.

Ek is in my hart oortuig die verbondshandelinge van die Here lê aan die hart van die Here se handelinge met die mensdom, en daarom lê dit ook aan die hart van Sy openbaring aan ons. Ons het

in ons bestudering van Genesis alreeds gesien dit was die geval reeds sedert die skepping. Ons gaan binnekort na die verbond met Abraham begin kyk. In Gen 17:7 beloof die Here onder andere aan Abraham dat Hy vir Hom ‘n God sal wees en vir sy nageslag na Hom. In Eks 19:6 beloof die Here tydens die sluiting van die Sinaiverbond: “Vir My sal julle ‘n koninkryk van priesters en ‘n heilige nasie wees”. As die Here in 2 Sam 7:14 die verbond met Dawid sluit, sê die Here rakende die Een uit Dawid se nageslag wat op sy troon sal sit: “Ek sal vir Hom ‘n Vader wees, en Hy sal vir my ‘n Seun wees.” As die Here die nuwe verbond beloof in Jer 31:33, sê Hy: “Ek sal vir hulle ‘n God wees, en hulle sal vir My ‘n volk wees”. En in Op 21:3 lees ons van die nuwe Jerusalem: “Kyk God se woonplek is nou by die mense. En Hy sal by hulle woon; hulle sal Sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle God.” Die verbondsbelofte dat Hy hulle God sal wees, en hulle sal Sy volke wees, loop as ‘n goue draad dwarsdeur die Skrif. As jy God se openbaring aan ons wil verstaan, sal jy Sy verbondsluitings moet verstaan. Dit is die hoogtepunte in die openbaringsgeskiedenis.